bleek gesig nie, want dan sal hy daar hang nog met 'n blou gesig, en dan sal die afsakking van die bloed baie waarneembaar wees bokant die ligatuur.

Ja. --- En dan sal 'n mens nog die oksipitale bloedingtjies kan sien. Dit gaan myns insiens vir die persoon wat nou oplet onmiddellik sigbaar wees dat die persoon eers verwurg was en toe opgehang was.

Nou ek wil hê u moet net blaai na daardie fotos, daar sal u ook die tekens van die snoerspoor sien, en u het ook die getuienis aangehoor gister nie waar nie? -- Ja ek kan die merk sien op die voorkant van die nek en ook op die agterkant van die nek.

Ja. --- Op die agterkant van die nek is die drukmerk lig, dit gaan opwaarts, op die voorkant van die nek is dit diep en feitlik horisontaal.

Watter afleidings maak u daarvan? -- Ek maak die afleiding dat die persoon gehang het soos wat hier getoon word, waar hy besig is om te hang. As die persoon eers dood was en toe opgehang is, dan sou daar 'n skuiwing plaasgevind het van die ligatuur, namate die trekkrag op die tou plaasvind, sal die ligatuurmerk skuif. As hy so los vasgebind was soos wat hier aangetoon word, volgens die merk om die nek kan mens sien dat hy was nie styf vasgevind nie, want hy gaan nie heeltemaal horisontaal om nie, hy gaan horisontaal om voor en agter gaan hy op, met ander woorde daar is 'n bietjie van 'n los vasbind van die tou, en as dit die geval was, dat die tou los vasgeb ind was en dat die persoon toe gehang is, dan sal daar 'n skuiwingsmerk wees, en ek sien nie so 'n skuiwingsmerk hier nie.

So kan ek dit maar saamvat ..(tussenkoms) --- En dit sal dan ook, wanneer daar 'n bloedlose disseksie toegepas

word/

word, sal mens kneusings kry op verskeie plekke in die nek, verskeie vlakke, hoogtes.

Kan ek dit dan so saamvat professor, dat u mening ten opsigte van die kliniese beeld van daardie letsels soos wat u dit daar waarneem, en die getuienis daaromtrent wat u gehoor het, alles is versoenbaar met ...(tussenkoms) --- Met self-ophang.

Met self-ophang? --- Dit is so, ja.

<u>GEEN VERDERE VRAE DEUR ADV SCHABORT</u>

<u>GEEN VRAE DEUR ADV HAASBROEK</u>

<u>ASSES: SMITH</u> Professor Scheepers u het verwys na 'n geval van verwurging, waar u gesê dat daar sal stuwing van die gesig wees, en oksipitale bloeding moontlik in die vlieste van die oog, maar in 'n geval van verwurging, waar die dood die gevolg is van neurogeniese skok, sou u daardie stuwing verwag het? --- Nee, dit is al probleem, maar 'n mens maak daardie diagnose as jy geen ander uitweg meer het nie, dit is eintlik maar spekulatief van jou lykskouiïngsbevindings af, kan dit maar net spekulatief wees. Mens kan net tot daardie gevolgtrekking kom, by uitsluiting van ander gevolgtrekkings.

Maar die punt wat ek wil nou in antwoord van u gehad het is, in 'n geval van verwurging kan die gesig ook bleek wees? --- As daar 'n vaso-vigale inhibisie plaasgevind het, kort na die verwurging 'n aanvang geneem het, dit sal ek instem ja.

Ja en volgens hierdie fotograaf wat u daar het, hierdie merk oor die nek, u histologiese bevindings, pas dit in by die aard van hierdie merk as die vel wel deel van hierdie merk gevorm het, wat u ondersoek het? -- U meen as die stukkie vel wat - as die merk wat deur die ligatuur veroorsaak word ingesluit was in my histologie?

Dit/

Dit is reg, ja. ---Dit stem ooreen daarmee.

Dit stem ooreen? --- Ja.

Volgens daardie fotograaf is daar nie moontlik wel 'n skawing van die vel met 'n blootstelling van die onderliggende ..(tussenkoms) --- Al wat ek hier kan verwag is kneusing van die dermis en die subkutane weefsel wat ons wel gevind het met histologie en wat Dr Botha ook gevind het - mag ek miskien net verduideliking van die Hof, verduidelik wat is 'n kneusing. 'n Kneusing is wanneer trauma toegepas word op enige weefsel op die vel sodat daar bloedvaatjies breek en daar ekstravasasie van bloed plaasvind. Dit kan plaasvind voordoods en nadoods.

En die stukkie brein wat u ondersoek het, watter deel van die brein was dit? --- Dit was 'n deel van die cortex, met 'n klein gedeelte van die wit stof onderaan.

Watter deel van die cortex professor? --- Sover ek kan onthou was dit van die motor-cortex gewees, nie van die oksipitale cortex nie, want die groot pidamidale(?) selle was daar nog gewees.

En hoe groot was die stukkie wat u gesien het? --- Omtrent so groot soos my duim.

So dit het net verteenwoordig 'n klein deel van die brein, eintlik feitlik net die kors (?) van die brein met 'n klein stukkie wit stof verteenwoordig? --- (Geen hoorbare antwoord op rekord) Professor wat die monster geneem van die nek betref, u het geen skade daaraan gevind nie as ek reg onthou? --- Nee, ek het nie enige skade gesien aan die epidermis nie.

Nou het u die hele monster ondersoek, of net 'n deel van die monster? --- Ja, soveel as wat ek kon van die monster het ek ondersoek.

Wat/

Wat bedoel u presies daarmee? --- Dit was verskeie vlakke gesny, seriële seksies was gedoen gewees.

En wanneer so 'n monster geneem word, kan dit wees dat daardie monster, laat ons dit - laat ek dit so duidelik maak, wat ek probeer vasstel is, dis 'n monster geneem van die vel van die nek, kan dit wees dat so 'n monster geneem word van 'n deel van die nek waar daar inderdaad geen beskadiging is nie, terwyl 'n ander deel wel beskadig is? --- Ja, daarom sal dit wel raadsaam wees soos in hierdie geval om verskeie monsters te neem, nie net een nie.

U het net een monster gehad? --- Ek het net een monster gekry.

Verstaan ek u dan reg, dit is wel moontlik dat dit 'n deel van die nek se vel wel beskadig was, terwyl 'n ander deel nie beskadig is nie? --- Ja, soos duidelik blyk uit die ..

Dit lyk opvallend, maar ek wil dit net graag duidelik kry. --- Soos blyk uit die verskil tussen my histologiese ondersoek en Dr Botha s'n, was daar verskillende dele ondersoek, en inderdaad was dit so.

Professor Scheepers, as u u verslag vergelyk met dié van Dr Botha, u stel dit baie duidelik, "The epidermis is not damaged". --- Dit het Dr Botha ook gevind.

Maar Dr Botha, soos ek onthou.. --- "The epidermis is intact".

Ja, maar die weefsel, ek verstaan die weefsel kan wel "intact" wees, maar daar was "stretching" van die epidermis. --- Ja die deel wat hy ondersoek het was daar moontlik 'n bietjie afplatting gewees.

Wat was die oorsaak van die afplatting? Moontlike oorsaak? --- Wel die oorsaak van die afplatting is die ligatuur oefen druk uit op die vel voordoods, en nog verder

nadoods/

nadoods, en daar vind uitdroging plaas in die vel, om dit nou in leketerme te stel, die vog word uitgedruk uit die selle uit, in hierdie spasies tussen die selle, en daar kom samepersing, maar met die prosesering dan sit dit weer 'n bietjie uit.

In ander woorde, bloot op 'n akademiese vlak, in Dr Botha se ontleding was daar moontlike tekens van 'n besering van die epidermis? --- Ja, daar was 'n besering maar daar was nie 'n skaafmerk nie, daar was 'n besering.

Ja, maar daar was 'n besering, so in ander woorde, in sy verslag, die deel wat hy ondersoek het was daar wel besering, die deel.. (tussenkoms) --- Die eintlike... (Mnr Smith gaan voort)

...was daar geen beskadiging nie? --- Wat hy beskryf is eintlik 'n artefakt.

Kan dit veroorsaak word deur die besering in die lewe, gedurende die lewe, platdrukking en die rek van die epidermis? --- Nee, as 'n persoon lewe en jy druk, en jy los die drukking dan kom die velweefsel weer terug, maar as jy die drukking aanhou na dood, en daar vind uitdroging plaas, dan sal jy die drukeffek sien. Dit is eintlik 'n artefakt, dit wil nie sê dit is 'n besering nie.

Ek aanvaar dit kan 'n artefakt wees, maar is dit moontlik dat dit ook 'n teken van besering is voordoods? --- Ek sou sê as 'n mens 'n skawing daar gevind het, 'n wegskraping van die epidermis, of 'n samepersing van die epidermis tot so 'n mate dat jy ...(een woord onduidelik)..van die kerne sien ensovoorts, dan kan 'n mens sê dit is 'n besering, maar net 'n afplatting alleen glo ek nie kan 'n mens 'n besering noem nie, dit is 'n artefakt.

Selfs die ander bevinding wat Dr Botha beskrywe

het/

het in die omgewing van hierdie afplatting? --- Ja, die weefsel in die dermis, die dermisweefsel en die subkutane weefsel het ekstravasasie van bloed getoon. Dit was veroorsaak deur die trauma, die drukking op die vel wat die vel nie beskadig het nie maar die weefsel onder die vel beskadig het.

So met ander woorde ons kom dan weer terug op die punt, in Dr Botha se snitte, volgens u mening, het hy wel tekens van trauma gevind? In daardie area? --- Van die dermis en van die subkutane weefsel.

Ja. --- Dié het ek ook gevind.

Ja. --- Maar van die epidermis het hy 'n artefakt beskryf en 'n intakte epidermis beskryf, en ek het net gesê die epidermis is nie beskadig nie.

Met ander woorde dit kom op dieselfde ding neer? --- Dit kom op dieselfde ding neer.

Daar was tekens van trauma op die nek voor die dood? Daar was drukking, trauma, drukking? --- In die vorm van drukking.

Voor die dood? --- Voor die dood.

ADV BIZOS Your Worship may I, as a result of further matters put by my learned friend, put one or two questions?

COURT Yes Mr Bizos.

RE-EXAMINATION BY ADV BIZOS

Professor my learned friend Mr Schabort put what we will call the Winter description or hypothesis to you, you remember, the ligature around the neck and then the person having died and then being hung up. Now there is in the description given by Winter, there is another aspect, that the person doesn't die as a result of this method, but that he is unconscious, we may describe that, in an annoxic state. Now the opinion that you have expressed to my learned friend

if/

if I understood you correctly, was where the person had actually died. Now what do you say professor, in relation to the other set of facts postulated by Winter? --- If the person becomes unconscious and then after a period of time is then hanged, the congestion, the blueness may disappear, it may disappear after a certain period of time. And then, if he is then hanged while still in the unconscious state, his face will also be pale.

His face will also..? --- Also be pale.

Yes - so that do I now understand you correctly, that if a person is rendered unconscious, even if an attempt is made by arteficial respiration to revive him, and in this state of unconsciousness he is hung up, then you would have expected the same picture as if he had hung himself? --- Yes, that is only as far as the paleness of the face is concerned, and the bloodless state of the brain is concerned.

And.. --- Because when he is unconscious and he is hanged, the same mechanism will be at play as when he hangs himself voluntarily, giving himself up voluntarily, but the blood vessels will also then occluded almost immediately.

So that under those circumstances there would be nothing to choose on a scientific basis with the one or the other, the one is as consistent as the other? --- Yes, but if the person was throttled or strangulated until he is dead, and then hanged up, one will notice.

So that - but in the other set of circumstances postulated by Winter, there would be no difference? --- Yes well then one must look for other clues.

We must look for other clues? --- For other clues.

History and other matters, scientifically you cannot establish it? --- Not histologically, I would say.

Histologically, yes. Thankyou.

NO FURTHER QUESTIONS BY ADV BIZOS

ASSESSOOR SMITH Professor Scheepers, ek het dit vroeër aan u gestel dat waar 'n persoon te sterwe kom as gevolg van verwurging en waar die meganisme wel toe te skrywe is aan - sê maar aan neuro-chemiese skok, en u het geantwoord dat die gesig in daardie omstandighede mag wel bleek voorkom. Nou waar 'n band byvoorbeeld om die nek geplaas word, en dieselfde drukking teen die area geplaas word deur middel van die band, kan dit nie ook neuro-chemiese skokdood veroorsaak? --- As dit op die regte posisie om die nek geplaas word, maar wanneer dit gedoen word, word dit gewoonlik nie op die regte posisie geplaas nie.

Maar ons praat nou oor moontlikhede. Kan dit ook 'n neuro-chemiese skokbeeld veroorsaak? --- Ja.

En sou die gesig dan ook bleek wees? --- Die gesig sou dan ook bleek wees, dit hang net daarvan af hoe spoedig die dood intree.

Met ander woorde .. Die voorkoms van die gesig sal dit - om dit so te stel, die voorkoms van die gesig insoverre dit die bleekheid betref, hang af van die plek en die aard van die toepassing van die geweld op die nek, hetsy dit 'n band is, of 'n hand of 'n ... (tussenkoms) --- Dit hang eintlik af van 'n tydsverloop wat die brein nie bloed ontvang nie, maar met so 'n neurogene inhibisie van die hart pomp die hart nie die bloed na die brein toe nie, en as dit 'n geruime tydjie plaasvind, dan sal die brein bleek wees, as die persoon dan sterwe terwyl hy in daardie toestand is. Maar, baie van die mense herstel van so 'n neurogene toestand.

In die geval van die sogenaamde "sexual(?) asphyxia", wat veroorsaak die asfiksie, is dit nie wel die verlies van

die/

die bewyssyn as gevolg van neuro-chemiese skok, primêr? --- Nee dit is toedruk van die bloedvate.

Is dit? --- Definitief. Meeste gevalle, daar kan - neurogene hartstilstand kan ook plaasvind, maar gewoonlik is dit toedruk van die bloedvate. 'n Mens het net 'n vyf kilogram, dit wil sê elf pond trekkrag nodig om die bloedvate, altwee carotid arteries af te sluit sodat daar nie bloed na die brein toe gepomp word nie, net elf kilogramstrekking - en hierdie strekking word partykeer onderskat deur hierdie persone en dan vind daar afsnyding van die bloedtoevoer na die brein plaas en dan raak die persoon bewusteloos en dan verwurg hy verder.

Maar in die "sexual asphyxia" hang die persoon met krag teen die nek, of is dit net toebind van die nek deur tou ensovoorts? --- Hy hang nie met baie krag nie, hy hang totdat hy voel dit is nou by die breekpunt en dan stop hy, maar partykeer dan oorskry hy dit en dan raak hy bewusteloos, en wanneer hy dan bewusteloos raak, dan vermeerder die trekkrag op die band en dan word die bloedtoevoer afgesny, dit is die algemene meganisme, maar dit kan ook plaasvind deur 'n neurogene omstandigheid.

Het u al sulke gevalle gesien? --- Ja.

En wat was die voorkoms van die gesig? --- Die gesig was bleek en die brein was bleek.

So in die "sexual asphyxia's" was die brein wel bleek? --- Ja in die gevalle waar dit deur 'n ligatuur om die nek veroorsaak is, en waar daar 'n asfiksiële element was - waar daar 'n asfiksiële element was, waar daar afsnyding van die lugtoevoer was dan was dit anders.

Maar ek verstaan u sê dat die gevalle wat u gesien het was die gesig bleek? --- Waar 'n band gebruik was om die

nek, ja.

Met ander woorde dan kom ons weer terug op die vraag wat ek gestel het - waar geweld van een of ander aard op die nek geplaas word, kan dit veroorsaak dat die gesig gestu is met bloed en is dit moontlik dat dit kan ook, maak nie saak wat die aard van die geweld was, as dit in die regte plek geplaas is, kan dit ook veroorsaak dat die voorkoms van die gesig dié van 'n bleek gesig is? --- Ja, kyk om vir die Hof mooi duidelik te maak, 'n neurogene toestand wat ontstaan, neurogene stimulasie wat ontstaan, stimulasie van die vage-senuwee is iets wat skielik plaasvind, skielik vind dit plaas, skielik hou die hart op met pomp, of pomp baie swak, en dan gaan die persoon 'n rukkie daarna dood, dan is die gesig bleek.

Met ander woorde jou antwoord is dan ja, hierdie verskillende vorm van geweld kan 'n bleek gesig veroorsaak, is dit reg? --- Neurogene hartstilstand, en neurogene meganisme kan 'n bleek gesig veroorsaak, ek stem saam.

En dit kan veroorsaak word deur 'n band om die nek of ophang, of verwurging of druk van voor of agter? --- Maar as dit andersins veroorsaak word...

Nee ons aanvaar dit so. --- Ja.

HOF Dankie professor, u kan maar gaan.

---

COURT Mr Haasbroek I would like to recall Dr Kemp to clarify a certain aspect, after I have heard the evidence given by professor Scheepers, you see I think he is available, would you mind , thankyou.

VERNON DENNIS KEMP (recalled) Sworn, further states :

ASSESSOR SMITH Dr Kemp do you recall the specimen of neck skin which you drew for professor Scheepers? --- Yes.

Could/

**Collection Number: AK2216**

**AGGETT, Dr Neil, Inquest, 1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a collection deposited at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand.